



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2017**

**MUSIEK V2**

**PUNTE:** 30

**NAAM:** \_\_\_\_\_

**TYD:** 1½ uur

**GRAAD:** \_\_\_\_\_



\* I M U S C A 2 \*

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en 1 bladsy manuskrippapier.

## INSTRUKSIES EN INFORMASIE

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
 

AFDELING A Gehoor	(10)
AFDELING B Herkenning	(12)
AFDELING C Vorm	(8)
2. VRAAG 1, VRAAG 2, VRAAG 3 en VRAAG 7 is VERPLIGTEND.
3. Beantwoord VRAAG 4 (WESTERSE KUNSMUSIEK – WKM) OF VRAAG 5 (JAZZ) OF VRAAG 6 (INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK – IAM).
4. Kandidate moet hul antwoorde op hierdie vraestel skryf. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.
5. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl kandidate na 'n CD luister.
6. Die musiekonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die opsiener afneem.
7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag NIE hierdie bladsy verwyder NIE.
8. Kandidate mag NIE toegang tot enige musiekinstrument vir die duur van hierdie eksamen kry nie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

## INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKTOERUSTING WERK

1. Die instruksies vir die musiekonderwyser verskyn in raampies.
2. Elke musiekuitreksel (snit) moet die vereiste getal kere, soos in die vraestel gespesifiseer, gespeel word.
3. Laat genoeg tyd tussen die snitte toe sodat kandidate tyd het om te dink en hulle antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.
4. Die nommer van die snit moet elke keer duidelik aangekondig word voordat dit gespeel word.
5. Indien meer as een baan (WKM, JAZZ, IAM) deur 'n skool aangebied word, moet die volgende riglyne gevolg word:
  - Elke baan moet die eksamen in 'n aparte lokaal skryf.
  - Elke lokaal moet met gesikte klanktoerusting toegerus wees.
  - Elke lokaal moet sy eie CD met die musiekuitreksels (snitte) gebruik.
  - 'n Opsiener moet in elke lokaal teenwoordig wees.
  - Die musiekuitreksels (snitte) moet soos volg gespeel word:
    - WKM kandidate: Snit 1 tot 15 en Snit 23.
    - JAZZ kandidate: Snit 1 tot 10; Snit 16 tot 18 en Snit 23.
    - IAM kandidate: Snit 1 tot 10 en Snit 19 tot 23.
6. 'n CD-speler wat met batterye werk, moet beskikbaar wees in geval van 'n kragonderbreking.

**NASIENROOSTER**

<b>AFDELING A: GEHOOR</b>	<b>TOTAAL</b>	<b>NASIENER</b>	<b>MODERATOR</b>
VRAAG 1 (VERPLIGTEND)	2		
VRAAG 2 (VERPLIGTEND)	8		
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>10</b>		


<b>AFDELING B: HERKENNING</b>	<b>TOTAAL</b>	<b>NASIENER</b>	<b>MODERATOR</b>
VRAAG 3 (VERPLIGTEND)	4		
<b>EN</b>			
VRAAG 4 (WKM)	8		
<b>OF</b>			
VRAAG 5 (JAZZ)	8		
<b>OF</b>			
VRAAG 6 (IAM)	8		
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>12</b>		

<b>AFDELING C: VORM</b>	<b>TOTAAL</b>	<b>NASIENER</b>	<b>MODERATOR</b>
VRAAG 7 (VERPLIGTEND)	8		
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>8</b>		
<b>GROOTTOTAAL</b>	<b>30</b>		

**AFDELING A: GEHOOR****VRAAG 1 (VERPLIGTEND)**

Speel **Snit 1** VIER keer. Wag EEN minuut na elke herhaling.

Luister na die uittreksel en vul die ontbrekende nootwaardes by maat 2–3<sup>3</sup> op die partituur hieronder in.



[2]

**VRAAG 2 (VERPLIGTEND)**

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

**Speel Snit 2 EEN keer om 'n algemene oorsig te gee.**

**Elégie**

Alexandre Glazounow, Op. 44.

**Allegretto**

The musical score consists of two systems of music. The first system (measures 1-6) starts with a dynamic **p dolce**. The second system (measures 7-11) is labeled **2.2** and includes dynamics **mf** and **p**. The third system (measures 12-15) is labeled **2.3** and includes dynamics **mf** and **p**. The fourth system (measures 16-19) is labeled **2.4** and includes a dynamic **p**.

2.1 Benoem die hooftoonsoort van hierdie uittreksel.

(1)

**Speel Snit 3 EEN keer.**

2.2 Luister na maat 5–9 en identifiseer die komposisietegniek wat by **2.2** in maat 7–9 gebruik word.

(1)

**Speel Snit 4 EEN keer.**

2.3 Luister na maat 5–10 en benoem die kadens by **2.3**.

(1)

Speel **Snit 5** VIER keer. Wag EEN minuut na elke herhaling.

- 2.4 Luister na maat 11–18 en vul die ontbrekende notasie by **2.4** in maat 15 op die partituur in. (3)

- 2.5 Noem die instrument wat die solo-party van hierdie uittreksel speel.

\_\_\_\_\_ (1)

Speel **Snit 6** EEN keer.

- 2.6 Omkring EEN deurgangsnoot wat in maat 1–6 voorkom. (1)

[8]

**TOTAAL AFDELING A:** 10

**AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIKALE KONSEPTE****VRAAG 3: ALGEMENE BELUISTERING (VERPLIGTEND)**

Merk DRIE items in KOLOM A in VRAE 3.1–3.4 wat met die musiek wat jy hoor verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

3.1 Speel **Snit 7** TWEE keer.

KOLOM A	Snit 7
Membranofoon, aërofoon en idiofoon	
Kontrapuntaal	
Mineur tonaliteit	
Kordofoon, idiofoon en aërofoon	
Serialisme	
Majeur tonaliteit	

(3)

3.2 Speel **Snit 8** TWEE keer.

KOLOM A	Snit 8
Mezzo sopraanstem	
Opera	
Sangerige ritmes	
Altstem	
Allegro moderato	
Konstante tempo	

(3)

3.3 Speel **Snit 9** TWEE keer.

KOLOM A	Snit 9
Malombo	
Trekklavier	
Saamgestelde tweeslagmaat	
Konsertina	
Enkelvoudige vierslagmaat	
Maskandi	

(3)

3.4 Speel **Snit 10** TWEE keer.

KOLOM A	Snit 10
SATB	
Polifoniese tekstuur	
Homofoniese tekstuur	
Lewendig en energiek	
SSA	
Stadig en sagkens	

(3)

(12 ÷ 3) [4]

**Beantwoord VRAAG 4 (WKM) ÓF VRAAG 5 (JAZZ) ÓF VRAAG 6 (IAM).****VRAAG 4: WKM**

4.1 **Speel Snit 11 TWEE keer.**

- 4.1.1 Watter EEN van die volgende terme beskryf die tempo en karakter van hierdie uittreksel die beste? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Allegretto con spirito	Allegro molto appassionato	Allegro molto vivace
------------------------	----------------------------	----------------------

(1)

- 4.1.2 Tot watter genre en stylperiode behoort hierdie uittreksel?

**Genre:** \_\_\_\_\_

**Stylperiode:** \_\_\_\_\_ (2)

**Speel Snit 11 nog EEN keer.**

- 4.1.3 Beskryf die instrumentasie en tekstuur van hierdie uittreksel.

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (2)

**Speel Snit 12 TWEE keer.**

- 4.1.4 Gee EEN term wat hierdie virtuose afdeling die beste beskryf.

\_\_\_\_\_ (1)

- 4.1.5 Waar in hierdie beweging van die werk word hierdie deel gespeel?

\_\_\_\_\_ (1)

4.2 **Speel Snit 13 en 14 TWEE keer agtereenvolgend.**

- 4.2.1 Noem die tema en instrumentasie wat met elk van die TWEE snitte geassosieer word.

	SNIT 13	SNIT 14
<b>Tema:</b>		
<b>Instrumentasie:</b>		

(4)

- 4.2.2 Watter bekende liefdesverhaal van Shakespeare het hierdie werk geïnspireer?

---

(1)

- 4.3 **Speel Snit 15 TWEE keer.**

- 4.3.1 Tot watter 20<sup>ste</sup> eeuse styl behoort hierdie uittreksel?

---

(1)

- 4.3.2 Voorsien hierdie uittreksel van 'n toepaslike titel.

---

(1)

- 4.3.3 Watter nie-diatoniese toonleer word gebruik om die titel die beste te beskryf?

---

(1)

- 4.3.4 Beskryf die gebruik van dinamiek in hierdie uittreksel.

---

(1)  
(16 ÷ 2) [8]

OF

**VRAAG 5: JAZZ**

5.1 **Speel Snit 16 TWEE keer.**

- 5.1.1 Noem die aërofooninstrument wat die solo-party van hierdie uittreksel speel.

(1)  
\_\_\_\_\_

- 5.1.2 Identifiseer die jazz-styl en kunstenaar wat met hierdie uittreksel geassosieer word.

**Jazz-styl:** \_\_\_\_\_

**Kunstenaar:** \_\_\_\_\_ (2)

**Speel Snit 16 nog EEN keer.**

- 5.1.3 Gee TWEE ritmiese kenmerke van die elektriese kitaar.

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (2)

5.2 **Speel Snit 17 TWEE keer.**

- 5.2.1 Watter EEN van die volgende intervalle word hoofsaaklik in hierdie uittreksel aangetref? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Verminderde vyfde	Majeur tweede	Rein oktaaf
-------------------	---------------	-------------

 (1)

- 5.2.2 Noem die kunstenaar wat die solo in hierdie uittreksel speel.

\_\_\_\_\_ (1)

- 5.2.3 Vir watter instrument was die kunstenaar in VRAAG 5.2.2 genoem veral bekend?

\_\_\_\_\_ (1)

- 5.2.4 Wat is die funksie van die lirieke 'Salt Peanuts' wat in hierdie uittreksel voorkom?

\_\_\_\_\_ (1)

**Speel Snit 17 nog EEN keer.**

- 5.2.5 Waarom sou jy sê dat die melodie wat in hierdie uittreksel aangetref word tipies van Bebop musiek is?

\_\_\_\_\_ (1)

**5.3 Speel Snit 18 EEN keer.**

- 5.3.1 Voorsien hierdie uittreksel van 'n gepaste titel.

\_\_\_\_\_ (1)

- 5.3.2 Watter ongewone strukturele vorm word in hierdie werk gebruik?  
Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

16-maat Blues	Rondovorm	ABA
---------------	-----------	-----

(1)

**Speel Snit 18 nog TWEE keer.**

- 5.3.3 Gee EEN term wat die herhaalde begeleidende figure in die klavierdeel die beste beskryf.

\_\_\_\_\_ (1)

- 5.3.4 Noem die jazz-styl wat met hierdie uittreksel geassosieer word.

\_\_\_\_\_ (1)

- 5.3.5 Verskaf 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 5.3.4 hierbo.

\_\_\_\_\_ (2)  
 $(16 \div 2)$  [8]

**OF**

**VRAAG 6: IAM**

- 6.1 **Speel Snit 19 en 20 TWEE keer agtereenvolgend.**

Vergelyk **Snit 19** met **Snit 20** en voltooi die tabel hieronder.

	<b>SNIT 19</b>	<b>SNIT 20</b>
<b>Stamtaal:</b>		
<b>Begeleidende instrument:</b>		
<b>Klankversterker:</b>		

(6)

- 6.2 **Speel Snit 19 en Snit 20 nog EEN keer.**

Gee 'n alternatiewe naam vir die kunstenaar wat in elke snit speel.

**Kunstenaar Snit 19:** \_\_\_\_\_

**Kunstenaar Snit 20:** \_\_\_\_\_ (2)

- 6.3 **Speel Snit 21 TWEE keer.**

6.3.1 Klassifiseer TWEE groepe instrumente wat in hierdie uittreksel gebruik word volgens klankproduksie.

**Groep 1:** \_\_\_\_\_

**Groep 2:** \_\_\_\_\_ (2)

6.3.2 Lewer kommentaar oor die gebruik van ritmes wat in hierdie uittreksel voorkom.

\_\_\_\_\_

(2)

**6.4 Speel Snit 22 TWEE keer.**

6.4.1 Noem die tipe digkuns wat in hierdie uittreksel gebruik word.

---

(1)

6.4.2 Identifiseer die kunstenaar wat hierdie werk uitvoer.

---

(1)

6.4.3 Met watter Suid-Afrikaanse stam assosieer jy hierdie werk?

---

(1)

**Speel Snit 22 nog EEN keer.**

6.4.4 Noem die idiofooninstrument wat in hierdie uittreksel voorkom.

---

(1)  
( $16 \div 2$ ) [8]

**TOTAAL AFDELING B: 12**

**AFDELING C: VORM****VRAAG 7 (VERPLIGTEND)**

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

### Von fremden Landern und Menschen

R. Schumann, Op. 15.

The musical score for 'Von fremden Landern und Menschen' by R. Schumann, Op. 15, is presented in four systems of four staves each. The music is for piano, with the right hand playing the upper staves and the left hand playing the lower staves. The key signature is A major (two sharps). The time signature changes between common time and 2/4 time. Measure numbers 3, 6, 12, and 18 are indicated above the staves. Blue curved arrows above the staves group the notes into melodic lines: one arrow spans the first two measures of each system, another spans the third and fourth measures, and a third spans the fifth and sixth measures. The tempo marking 'rit.' is shown above measure 12.

**Speel Snit 23 EEN keer om 'n algemene oorsig te gee.**

**Speel Snit 23 nog EEN keer.**

- 7.1 Benoem die relatiewe toonsoort van hierdie stuk.

\_\_\_\_\_ (1)

- 7.2 Wat is die vorm van hierdie stuk?

\_\_\_\_\_ (1)

- 7.3 Gee 'n skematiese analyse/ontleding van die vorm wat in hierdie werk gebruik word deur die tabel hieronder te voltooi.

AFDELINGS	MAATNOMMERS

(9 ÷ 3) (3)

- 7.4 In watter maat word 'n fermata-simbool aangetref?

\_\_\_\_\_ (1)

- 7.5 Benoem die toonsoort en kadens wat in maat 21–22 gebruik word.

\_\_\_\_\_ (2)

**Speel Snit 23 nog EEN laaste keer.**

**TOTAAL AFDELING C: 8  
GROOTTOTAAL: 30**

**ROFWERK:**